Submitted: 28.07.2005
Amended: 05.05.2008 MCC SPI
17.10.2008 (CCC recommandation)
19.10.2010 (CCC recommandation)
04.03.2015 (Applicant Transfer)
30.01.2017 (Regulation 9 & 10 update)
31.03.2022 (Safety update and SMPC format update)
27.10.2022 Approved by SAHPRA

# PATIENT INFORMATION LEAFLET

**SCHEDULING STATUS** S4

**RANTRAL MR 10** Tablets

Alfuzosin hydrochloride

Contains sugar: lactose anhydrous 77 mg per tablet

**Read all of this leaflet carefully before you start taking RANTRAL MR 10**

- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- If you have further questions, please ask your doctor, pharmacist, nurse or other health care provider.
- RANTRAL MR 10 has been prescribed for you personally and you should not share your medicine with other people. It may harm them, even if their symptoms are the same as yours.

**What is in this leaflet**

1. What RANTRAL MR 10 is and what it is used for
2. What you need to know before you take RANTRAL MR 10
3. How to take RANTRAL MR 10
4. Possible side effects

5. How to store RANTRAL MR 10

6. Contents of the pack and other information

## 1. What RANTRAL MR 10 is and what it is used for

The active substance is alfuzosin hydrochloride. This belongs to a group of medicines called alpha-blockers.

Each RANTRAL MR 10 tablet contains alfuzosin hydrochloride 10 mg (active substance).

RANTRAL MR 10 works by reducing the symptoms (increase in urinary frequency at night and during the day, difficulty in starting the urine flow and dribbling after urination ends and the size and strength of the urine stream may decrease) of **benign prostatic hyperplasia (BPH).**
In a few patients with benign prostatic hyperplasia, the prostate gland gets so big that it stops the flow of urine completely.
This is called **Acute Urinary Retention (AUR).**

- This is very painful and you may need a short stay in hospital.
- A thin, flexible tube (catheter) is passed into the bladder. This drains the water and relieves the pain.
- During this time, RANTRAL MR 10 may be used to help the water to flow again. This has only been shown to help in men
  aged over 65.

## 2. What you need to know before you take RANTRAL MR 10

**Do not take RANTRAL MR 10 tablets** if any of the following apply to you:

- If you are hypersensitive (allergic) to alfuzosin or to any of the tablet ingredients (listed in section 6). (Some of the symptoms of an allergic reaction may include skin rash, itching,

difficulty breathing and swelling of the face, lips, tongue and throat).

- You have symptoms like dizziness, lightheadedness, fatigue and sweating on changing posture suddenly (orthostatic hypotension).
- You are taking other alpha$_1$-adrenoceptor blockers (such as tamsulosin, prazosin, terazosin and doxazosin).
- You have liver problems.
- You have severe kidney (s) problems.
- Not indicated for children.

**Warnings and precautions**

**Take special care with RANTRAL MR 10 tablets:**

- If you are taking antihypertensive medications, you may develop postural hypotension with or without symptoms (dizziness, light-headedness, fatigue, sweating especially when you get up too quickly from a lying position) within a few hours. To avoid this problem, get out of bed slowly, resting your feet on the floor for a few minutes before standing up.
- If you have a heart problem and you experience any worsening of symptoms or occurrence of chest pain after taking any medication consult your doctor immediately.
- In coronary (heart) patients**,** RANTRAL MR 10 should not be used alone.
- If you are undergoing eye surgery because of cataracts (cloudiness of the lens) please inform your eye specialist before the operation that you are using or have previously used RANTRAL MR 10. This is because RANTRAL MR 10 may cause complications during the surgery which can be managed if your specialist is prepared in advance.
- Tablet should be swallowed whole. Any other mode of administration, such as crunching, crushing, chewing, grinding or pounding to powder should be prohibited. These actions may lead to inappropriate release and absorption of the drug and therefore possible early adverse reactions.

- If you are taking medicines such as such as itraconazole, ketoconazole, protease inhibitors, clarithromycin, telithromycin nefazodone, itraconazole and clarithromycin.
- If you ever get painful erections of the penis, unrelated to sexual activity that will not go away, before or during treatment. If this happens seek medical assistance.

**Children and adolescents**

RANTRAL MR 10 is not for use in children less than 18 years.

**Other medicines and RANTRAL MR 10**

**Taking other medicines with RANTRAL MR 10:**

**Always tell your healthcare professional if you are taking any other medicine.**

**(This includes complementary or traditional medicines.)**

Care is needed if you are taking following medicines along with **RANTRAL MR 10** Tablets:

- Other alpha$_1$-adrenoceptor blockers (such as tamsulosin, prazosin, terazosin, doxazosin, etc).
- Antihypertensive medicines (such as atenolol, propranolol, captopril, enalapril, amlodipine, verapamil, diltiazem, etc.)
- General anaesthetics (such as halothane, thiopentone sodium, diazepam, ketamine etc.). The combination of general anaesthetics and alfuzosin may lead to decrease in blood pressure.
- Medicines for fungal infections (such as ketoconazole and itraconazole) and HIV (ritonavir).

**Pregnancy, breastfeeding and fertility**

It is not known if RANTRAL MR 10 can harm a human foetus or whether it is excreted in human milk.

**If you are pregnant or breast feeding your baby, please consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice before taking this medicine.**

**Driving and using machines**

Care should be taken when driving vehicles or operating machinery as RANTRAL MR 10 may cause dizziness, light-headedness and fatigue.

**RANTRAL MR 10 contains lactose**

**Important information about some of the ingredients of RANTRAL MR 10:**

RANTRAL MR 10 contains lactose anhydrous. Patients with the rare hereditary conditions of lactose or galactose intolerance should not take RANTRAL MR 10.

Your medicine also contains small amounts of an inactive ingredient called lactose. If you are lactose intolerant, contact your doctor before taking this medicine.

**3. How to take RANTRAL MR 10**

Do not share medicines prescribed for you with any other person.

Always take RANTRAL MR 10 exactly as your doctor or pharmacist has told you.

Check with your doctor or pharmacist if you are unsure. The usual dose is as follows:

For benign prostate hyperplasia:

One RANTRAL MR 10 tablet of daily after meals.

For acute urinary retention:

RANTRAL MR 10 will be given to you by your doctor on the day you have the catheter inserted.

The dose is one RANTRAL MR 10 once a day after meals.

Swallow your tablet whole with plenty of water. You must not break, crush or chew your tablet.

**Do not share medicines prescribed for you with others.**

To help yourself remember to take your medicine, try to get into the habit of taking it at the same time each day.

Take your tablets as directed and for as long as directed; do not stop them, even if you feel better, as the symptoms may return.

If you have the impression that the effect of RANTRAL MR 10 tablets is too strong or too weak, talk to your doctor or pharmacist.

**If you take more RANTRAL MR 10 than you should:**

**In the event of overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available. Contact the nearest hospital or poison control centre.**

Take this leaflet or some tablets with you so your doctor will know what you have taken.

**If you forget to take RANTRAL MR 10 tablets at the right time**, take them as soon as you remember. However, if it is almost time for your next dose, skip the missed dose and go back to your regular dosing schedule. Do not take a double dose to make up for forgotten individual doses.

## 4. Possible side effects

**RANTRAL MR 10 can have side effects.**

**Not all side effects reported for RANTRAL MR 10 are included in this leaflet. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking this RANTRAL MR 10, please consult your ~~doctor, pharmacist or other~~ healthcare provider for advice.**

If any of the following happens, stop taking RANTRAL MR 10 and tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital:

- you get swelling of the hands, feet, ankles, face, lips or throat, which may cause difficulty in swallowing or breathing. You could also notice an itchy, lumpy rash (hives) or nettle rash (urticaria). This may mean that you have an allergic reaction to RANTRAL MR 10.
- you have chest pain (angina).
- you have a painful erection of the penis not related to sexual activity, which will not go away.

These are all very serious side effects. If you have them, you may have had a serious reaction to RANTRAL MR 10. You may need urgent medical attention or hospitalisation.

Tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital if you notice any of the following:

Frequent side effects:

- feeling dizzy or faint (vertigo)
- headache
- feeling sick (nausea)
- stomach pain (gastralgia)
- weakness or tiredness (asthenia)

**Less frequent side effects:**

- feeling dizzy, light-headed or faint when you stand or sit up quickly (postural hypotension)
- a fast heart beat (tachycardia) and pounding in the chest and uneven heartbeat (palpitations)
- chest pain
- drowsiness
- diarrhoea
- dry mouth
- rash and itching
- reddening of skin (flushes)
- temporary loss of consciousness (syncope)
- water retention (may cause swollen arms or legs) (oedema)
- general feeling of being unwell (malaise).
- runny nose, itching, sneezing, and stuffy nose (rhinitis)
- Problems with your vision.

**Additional side effects (frequency not known) which may occur are:**

- Abnormal liver function (liver problem). Signs may include yellowing of your skin or the whites of your eyes.
- Occasionally, problems have risen during cataract surgery in patients taking alfuzosin, such as in RANTRAL MR 10. If you are due to have eye surgery because of cataracts, it is important that you tell the specialist before the operation that you are using or have used RANTRAL MR 10.
- You may get more infections than usual. This could be caused by a decrease in the

number of white blood cells (neutropenia)

- Increased risk of bleeding (including nose bleeds and/or bleeding gums) and bruising. This could be a blood problem called 'thrombocytopenia' which is a reduced number of platelets in the blood.

If you notice any side effects not mentioned in this leaflet, please inform your doctor or pharmacist.

**Reporting of side effects**

If you get side effects, talk to your doctor, pharmacist or nurse. You can also report side effects to SAHPRA via the “6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form”, found online under SAHPRA’s publications: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of RANTRAL MR 10.

**5. How to store RANTRAL MR 10**

Store all medicines out of reach of children.

Store at or below 25 °C in the original container, protected from moisture. Do not store in bathrooms in order to protect from moisture.

Do not use after the expiry date stated on the label.

Return all unused medicine to your pharmacist.

Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g. toilets).

**7. Contents of the pack and other information**

**What RANTRAL MR 10 contains**

**The active substance is Alfuzosin hydrochloride**

The other ingredients are colloidal anhydrous silica, hypromellose, hydroxypropyl cellulose,

lactose anhydrous, magnesium stearate, povidone and purified talc.

**What RANTRAL MR 10 looks like and contents of the pack**

White to off-white, uncoated, round, biconvex tablets debossed with **'RY 10'** on one side of the tablet.

Ten tablets are packed in clear, transparent, Aclar laminated PVC and aluminium foil blister strips.

Cartons contain 30 or 60 tablets.

**Holder of Certificate of Registration**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd

14 Lautre Road, Stormill Ext 1

Roodepoort, 1724

South Africa

**This leaflet was last revised in**

27 October 2022

**Registration Number**

A40/5.2/0392

# PASIËNTINLIGTINGSTUK

**SKEDULERINGSTATUS** S4

**RANTRAL MR 10** Tablette

Alfusosienhidrochloried

Bevat suiker: 77 mg anhidriese laktose per tablet

**Lees hierdie hele inligtingstuk noukeurig deur voordat jy begin om RANTRAL MR 10 te neem**

- Hou hierdie inligtingstuk. Dit mag vir jou nodig wees om dit weer te lees.
- Vra asseblief jou dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgvoorsiener as jy verdere vrae het.
- RANTRAL MR 10 is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moenie jou medisyne met enige ander persone te deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs as hulle simptome dieselfde is as joune.

**Wat is in hierdie inligtingstuk**

1. Wat is RANTRAL MR 10 en waarvoor word dit gebruik
2. Wat jy moet weet voordat jy RANTRAL MR 10 neem
3. Hoe om RANTRAL MR 10 te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om RANTRAL MR 10 te bewaar
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

## 1. Wat is RANTRAL MR 10 en waarvoor word dit gebruik

Die aktiewe bestanddeel is alfusosienhidrochloried. Dit behoort aan ‘n groep medisyne wat alfa-blokkeerders genoem word.

Elke RANTRAL MR 10 tablet bevat 10 mg alfusosienhidrochloried (aktiewe bestanddeel).

RANTRAL MR 10 werk deur die simptome (verhoging in urienfrekwensie saans en gedurende die dag, probleme met die begin van die vloei van urine en drup nadat urinering opgehou het en die grootte en sterkte van die urienstroom kan afneem) van **goedaardige prostaathiperplasie (BPH)** te verminder.

In ‘n paar pasiënte met goedaardige prostaathiperplasie, raak die prostaatklier so groot dat dit die vloei van urine heeltemal stop.

Dit word **Akute Urinêre Retensie (AUR)** genoem**.**

- Dit is baie pynlik en jy mag ‘n kort verblyf in die hospitaal benodig.
- ‘n Dun, buigbare buis (kateter) word in die blaas geplaas. Dit dreineer die urine en verlig die pyn.
- Gedurende hierdie tyd, kan RANTRAL MR 10 gebruik word om die urine weer te laat vloei. Dit is slegs aangetoon om te help by mans bo 65-jarige ouderdom.

## 2. Wat jy moet weet voordat jy RANTRAL MR 10 neem

**Moenie RANTRAL MR 10 tablette neem as** enige van die volgende op jou van toepassing is nie:

- As jy hipersensitief (allergies) is vir alfusosien of vir enige van die tabletbestanddele (gelys in afdeling 6). (Sommige van die simptome van ‘n allergiese reaksie kan veluitslag, gejeuk, moeilike asemhaling en swelling van die gesig, lippe, tong en keel insluit).
- Jy simptome soos duiseligheid, lighoofdigheid, moegheid en sweet het wanneer jy skielik van liggaamsposisie verander (ortostatiese hipotensie).

- Jy ander alfa$_1$-adrenoseptorblokkeerders gebruik (soos tamsulosien, prasosien, terasosien en doksasosien).
- Jy lewerprobleme het.
- Jy ernstige nierprobleme het.
- Nie aangewys vir kinders nie.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Tref spesiale voorsorg met RANTRAL MR 10 tablette:**

- As jy antihipertensiewe medisyne gebruik, kan jy posturale hipotensie met of sonder simptome (duiseligheid, lighoofdigheid, moegheid, sweet veral as jy te vining opstaan vanaf ‘n lêende posisie) binne ‘n paar uur ontwikkel. Om hierdie probleem te vermy, moet jy stadig uit die bed klim, jou voete vir ‘n paar minute op die vloer laat rus voordat jy opstaan.
- As jy ‘n hartprobleem het en jy ervaar enige verergering van simptome of voorkoms van van borskaspyn nadat jy enige medisyne geneem het, moet jy jou dokter onmiddellik raadpleeg.
- In koronêre (hart) pasiënte**,** moet RANTRAL MR 10 nie alleen gebruik word nie.
- As jy oogchirurgie as gevolg van katarakte (troebelheid van die lens) ondergaan, lig asseblief jou oogspesialis in voor die operasie dat jy RANTRAL MR 10 gebruik of voorheen gebruik het. Dit is omdat RANTRAL MR 10 komplikasies kan veroorsaak tydens die chirurgie wat bestuur kan word as jou spesialis vooraf voorberei is.
- Tablet moet heel ingesluk word. Enige ander manier van toediening, soos hard kou, fynmaak, kou, maal of fyn stamp tot ‘n poeier moet verbied word. Hierdie aksies kan lei tot onbehoorlike vrystelling en absorpsie van die geneesmiddel en daarom moontlike vroeë ongunstige reaksies.
- As jy medisyne neem soos itrakonasool, ketokonasool, protease-inhibeerders,

telitromisien, nefasodoon, itrakonasool en klaritromisien.

- As jy ooit pynlike ereksies van die penis kry, onverwant aan seksuele aktiwiteit wat nie wil verdwyn nie, voor of gedurende behandeling. As dit gebeur, verkry mediese hulp.

**Kinders en adolessente**

RANTRAL MR 10 is nie vir gebruik in kinders onder die ouderdom van 18 jaar nie.

**Ander medisyne en RANTRAL MR 10**

**Neem ander medisyne saam met RANTRAL MR 10:**

**Lig jou gesondheidsorgvoorsiener altyd in as jy ander medisyne gebruik.**

**(Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in.)**

Versigtigheid moet toegepas word as die volgende medisyne saam met **RANTRAL MR 10 t**ablette gebruik word:

- Ander alfa$_1$-adrenoseptor blokkeerders (soos tamsulosien, prasosien, terasosien, doksasosien, ens.).
- Antihipertensiewe medisyne (soos atenolol, propranolol, kaptopril, enalapril, amlodipien, verapamil, diltiasem, ens.)
- Algemene narkosemiddels (soos halotaan, natriumtiopentoon, diasepam, ketamien ens.). Die kombinasie van algemene narkosemiddels en alfusosien kan lei tot ‘n daling in bloeddruk.
- Medisyne vir fungusinfeksies (soos ketokonasool en itrakonasool) en MIV (ritonavir).

**Swangerskap, borsvoeding em vrugbaarheid**

Dit is nie bekend of RANTRAL MR 10 die menslike fetus skade kan aandoen nie of dit in menslike melk uitgeskei word nie.

**Konsulteer asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgvoorsiener vir advies voordat jy hierdie medisyne gebruik as jy swanger is of jou baba borsvoed.**

**Bestuur en gebruik van masjinerie**

Versigtigheid moet toegepas word wanneer voertuie bestuur word of masjinerie hanteer word aangesien RANTRAL MR 10 duiseligheid, lighoofdigheid en moegheid kan veroorsaak.

**RANTRAL MR 10 bevat laktose**

**Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van RANTRAL MR 10:**

RANTRAL MR 10 bevat anhidriese laktose. Pasiënte met die seldsame oorerflike toestande van laktose of galaktose onverdraagsaamheid, moet nie RANTRAL MR 10 neem nie.

Jou medisyne bevat ook klein hoeveelhede van ‘n onaktiewe bestanddeel wat laktose genoem word. As jy laktose onverdraagsaam is, kontak jou dokter voordat jy hierdie medisyne gebruik.

## 3. Hoe om RANTRAL MR 10 te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Neem RANTRAL MR 10 altyd presies soos wat dit deur jou dokter of apteker voorgeskryf is.

Kontroleer met jou dokter of apteker as jy onseker is. Die normale dosis is as volg:

Vir goedaardige prostaathiperplasie:

Een RANTRAL MR 10 tablet daagliks na etes.

Vir akute urinêre retensie:

RANTRAL MR 10 sal deur jou dokter aan jou voorgeskryf word op die dag wat jou kateter ingeplaas word.

Die dosis is een RANTRAL MR 10 een keer per dag na etes.

Sluk die tablet heel in met baie water. Jy moenie jou tablet breek, fynmaak of kou nie.

**Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met ander persone deel nie.**

Om jou te help onthou om jou medisyne te neem, probeer om in die gewoonte te kom om dit op dieselfde tyd elke dag te neem.

Neem jou tablette soos voorgeskryf en vir so lank as wat dit voorgeskryf is; moenie daarmee ophou nie, selfs as jy beter voel, aangesien die simptome kan terugkeer.

Praat met jou dokter of apteker as jy onder die indruk is dat die effek van RANTRAL MR 10 tablette te sterk of te swak is.

**As jy meer RANTRAL MR 10 geneem het as wat jy behoort te neem:**

**In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.**

Neem hierdie inligtingstuk of sommige van die tablette saam met jou sodat jou dokter kan weet wat jy geneem het.

**As jy vergeet het om RANTRAL MR 10 tablette op die regte tyd te neem,** neem dit so gou as wat jy onthou. As dit egter amper tyd is vir jou volgende dosis, slaan die dosis oor wat jy vergeet het en gaan terug na jou normale dosisskedule. Moenie ‘n dubbele dosis neem om te vergoed vir die individuele dosisse wat jy vergeet het nie.

**4. Moontlike newe-effekte**

**RANTRAL MR 10 kan newe-effekte hê.**

**Nie alle newe-effekte wat vir RANTRAL MR 10 aangemeld word, is in hiedie inligtingstuk ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid verswak of as jy enige ongewenste effekte ervaar terwyl jy RANTRAL MR 10 neem, moet jy asseblief jou gesondheidsorgvoorsiener raadpleeg vir advies.**

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van RANTRAL MR 10 en lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle afdeling by jou naaste hospitaal:

- jy swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe of keel, wat probleme om te sluk of asem te haal kan veroorsaak, kry. Jy moet ook oplet na ‘n jeukende, knopperige uitslag (galbulte) of netelroos (urtikarie). Dit kan beteken dat jy ‘n allergiese reaksie teen RANTRAL MR 10 het.
- jy borskaspyn het (angina).
- jy ‘n pynlike ereksie van die penis het wat nie verwant is aan seksuele aktiwiteit nie, wat nie wil verdwyn nie.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As jy dit het, kon jy ‘n ernstige reaksie teen RANTRAL MR 10 gehad het. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig jou dokter onmiddelllik in of gaan na die noodgevalle afdeling by jou naaste hospitaal as jy enige van die volgende opmerk:

Dikwelse newe-effekte:

- voel duiselig of flou (vertigo)
- hoofpyn
- mislike gevoel (naarheid)

- maagpyn (gastralgie)
- swakheid of moegheid (astenie)

**Minder dikwelse newe-effekte:**

- voel duiselig, lighoofdig of flou wanneer jy vinnig opstaan of sit (posturale hipotensie)
- ‘n vinnige hartklop (tagikardie) en gehamer in die borskas en onreëlmatige hartklop (palpitasies)
- borskaspyn
- lomerigheid
- diaree
- droë mond
- uitslag en gejeuk
- rooi word van die vel (gloede)
- tydelike verlies van bewussyn (sinkopee)
- vogretensie (kan swelling van die arms of bene veroorsaak) (edeem)
- algemene gevoel van ongesteldheid (malaise).
- loopneus, gejeuk, nies, en geblokte neus (rinitis)
- probleme met jou sig.

**Bykomende newe-effekte (voorkoms nie bekend nie) wat mag voorkom, is:**

- Abnormale lewerfunksie (lewerprobleem). Tekens kan vergeling van die vel of die wit van die oë insluit.
- Af en toe ontstaan probleme tydens katarakchirurgie by pasiënte wat alfusosien neem, soos in RANTRAL MR 10. As jy binnekort oogchirurgie as gevolg van katarakte moet ondergaan, is dit belangrik dat jy jou spesialis voor die operasie inlig dat jy tans RANTRAL

MR 10 gebruik of voorheen gebruik het.

- Jy kan ook meer infeksies as normaalweg kry. Dit kon veroorsaak word as gevolg van ‘n afname in die aantal witbloedselle (neutropenie)
- Verhoogde bloedingsrisiko (insluitend neusbloedings en/of bloeding van die tandvleise) en kneusing. Dit kan ‘n bloedprobleem wees wat 'trombositopenie' genoem word wat ‘n afname in die aantal plaatjies in die bloed is.

Lig asseblief jou dokter of apteker in as jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingstuk genoem word nie.

**Aanmelding van newe-effekte**

Praat met jou dokter, apteker of verpleegkundige as jy newe-effekte ervaar. Jy kan ook newe-effekte aanmeld by SAHPRA *via* die “6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form”, wat aanlyn beskikbaar is onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting te verskaf oor die veiligheid van RANTRAL MR 10.

**5. Hoe om RANTRAL MR 10 te bewaar**

Bewaar alle medisyne buite die bereik van kinders.

Bewaar by of onder 25 °C in die oorspronklike houer, beskerm teen vog. Moenie in badkamers bewaar nie ten einde teen vog te beskerm.

Moenie na die vervaldatum soos op die etiket aangedui, gebruik nie.

Bring alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker toe.

Moenie van ongebruikte medisyne in dreinerings- of rioleringstelsels (bv. toilette) ontslae raak nie.

**7. Inhoud van die verpakking en ander inligting**

**Wat RANTRAL MR 10 bevat**

**Die aktiewe bestanddeel is alfusosienhidrochloried**

Die ander bestanddele is anhidriese kolloïdale silika, hipromellose, hidroksipropielsellulose, anhidriese laktose, magnesiumstearaat, povidoon en gesuiwerde talk.

**Hoe RANTRAL MR 10 lyk en inhoud van die verpakking**

Wit tot naaswit, onbedekte, ronde, bikonvekse tablette met **'RY 10'** ingedruk op een kant van die tablet.

Tien tablette word verpak in helder, deurskynende, Aclar gelamineerde PVC en aluminiumfoelie stulpstroke. Kartonne bevat 30 of 60 tablette.

**Houer van die Registrasiesertifikaat**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd

Lautreweg 14, Stormill Uitbreiding 1

Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

**Hierdie inligtingstuk was laas hersien in**

1. Jongste goedkeuring: November 2010

2. Datum ooreenkomstig Regulasies 9 & 10: 30 Januarie 2017

**Registrasienommer**

A40/5.2/0392